

23 Desember - WOLK

Skrifgedeelte: Lukas 23:44-49; 24:50-53

Fokusgedeelte: Lukas 23:43b; 24:51

Toe die dissipels gesien het hoe die wolk kom om Jesus Christus voor hulle oë weg te neem, moes hulle soos ons vandag besef: Hy gaan nie weg nie. Hy gaan terug. Die wolk is 'n sinbeeld van God se teenwoordigheid.

Hemelvaart sê juis aan elkeen van ons dat Christus vir sy kerk 'n nuwe adres gee waar ons tot in ewigheid gaan woon.

Jesus se koms na die aarde was nie deur 'n geopende hemel nie. Hy is gebore, net soos alle mense, uit 'n vrou. Dit het alreeds getoon dat hy ter wille van die mens gekom het. Hy moes ons, die weglopers, wat hulle oorspronklike adres verlaat het, weer met die Vader versoen.

Dit sou egter lyding en vernedering kos vir Jesus. Die sondaars se vernedering het reeds plaasgevind. Die hemel is vir hulle gesluit. Die mens se lyding sou vir ewig wees. Net God self sou dit kon verander. Christus moes ons saak vir ons besleg. Hy het die hemel verlaat en in ons plek kom staan teenoor sy Vader. Hy pleit vir ons en het vir al ons sondes betaal. Dis ons enigste hoop om weer dié adres waarvoor ons bestem is, te kon verkry.

God se kinders is bevry en sal in ewigheid nie slawe van die duiwel of knegte van die bose wees nie. 'n Geslote hemel sou weer oopgaan.

Ons Here se hemelvaart profeteer so baie wonderlike dinge vir ons. Die allerheiligste is oopgemaak. Van bo na onder het die voorhangsel geskeur. Die voorhangsel is nou oorbodig. Die poort na die hemel, woonplek van God is weer oop.

Hemelvaart fokus 'n gelowige se lewe. Dit laat ons weer vandag besef watter sin daar vir ons aardse lewens is. Hemelvaart is dus 'n belangrike Christelike fees. Dis die kroon, die triomftog van Jesus se oorwinning en daarom ook jou oorwinning!

Sing: Psalm 47:3 (1936-beryming)

Ds CB Swanepoel (Lyttelton)